
MIKRO

WERK EN SKEP

# Mahatma Gandhi




## Graad 4: Geskiedenis

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Mahatma Gandhi (1869-1948)

Mohandas Karamchand “Mahatma” Gandhi is ‘n ander leier wat vir **menseregte** geveg het. Hy was Indië se belangrikste politieke en spirituele leier.

Hy is vandag ‘n **simbool van wêreldvrede**.

Mense vier sy verjaardag as die **Internasionale Dag van Geweldloosheid**.



Mahatma Gandhi


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Mahatma Gandhi (1869-1948)

Mohandas Karamchand “Mahatma” Gandhi is op 2 Oktober 1869 in Porbandar, Indië gebore.



Mahatma Gandhi as ‘n baba.




Porbandar in Indië

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kinderjare (Indië)

Hy was baie skaam en het daarvan gehou om in sy vrye tyd boeke te lees.



Toe hy 13 jaar oud was, is hy getroud volgens die tradisionele gebruik van Indië in daardie tyd. Sy ouers het die 13-jarige Kasturba vir hom as bruid gekies.






Mahatma Gandhi en Kasturba op hul troudag.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Studentejare (Londen)

Toe Gandhi 19 jaar oud was, het hy in Londen in die regte gaan studeer.





Gandhi as student



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eerste werk (Indië)

Nadat Gandhi sy eksamen in 1891 geslaag het, het hy na Indië teruggekeer om in Bombaai as prokureur te praktiseer.








Gandhi voor sy kantoor.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Tweede werk (Suid-Afrika)

Van 1893 tot 1914 het Gandhi vir 'n Indiese maatskappy in Suid-Afrika gewerk.







Indië

Suid-Afrika

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Menseregte in Suid-Afrika

Die Britte was aan bewind in Indië en Suid-Afrika. Gandhi het uitgevind dat sy regte nie in Suid-Afrika gerespekteer word nie en dat witmense Indiërs wreed en as ongelykes behandel.




Gandhi het een dag vir hom ‘n treinkaartjie gekoop om in die eerste klas te ry van Pietermaritzburg. Hy is uit die trein gegooi omdat hy ‘n Indiër is.


Gandhi word uit ‘n trein gegooi.


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Standbeeld

‘n Standbeeld is later in Pietermaritzburg opgerig vir Gandhi.








Standbeeld van Gandhi in Pietermaritzburg

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Gandhi veg vir geregtigheid

Gandhi het 21 jaar lank in Suid-Afrika gewoon. In dié tyd het hy protesveldtogte gelei, hard gewerk en vir geregtigheid geveg om seker te maak dat Indiërs billik behandel word en gelyke regte geniet.




Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Satyagraha

LAERSKOOL MIKRO

Gandhi het ‘n nuwe manier ontwikkel om op rassediskriminasie en onbillike behandeling te reageer.

Satyagraha het mense aangemoedig om te glo dat geweldlose protes teen die regering die beste manier was om hul politiese en sosiale doelwitte te bereik.





**Satyagraha**
Standvastigheid in waarheid

Mikro Kopiereg ©

# Satyagraha

Die soort aksies wat Gandhi georganiseer het, het **optogte**, **sitstakings** en **vreedsame betogings** ingesluit.




Sommige van sy protesaksies het mense aangemoedig om nie produkte wat in Brittanje gemaak is, te koop nie.



Gandhi het ook gevas (geweier om te eet) wanneer hy druk op die regering wou uitoefen om van plan te verander oor dinge wat onbillik of verkeerd was.



**Satyagraha**
Standvastigheid in waarheid





# Terugkeer na Indië


Gandhi het in 1915 teruggekeer na Indië waar hy as ‘n nasionale held ontvang is.

Hy kry die titel “Mahatma” wat “Groot Siel” beteken.



Vlag van Indië






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Gandhi neem leiding (Indië)

In Indië was daar baie ongelykheid tussen mense. Gandhi het leiding geneem om die swakkes en onderdruktes te help. Hy het hom ook beywer vir die bevryding van Indië onder Britse bewind.






g ©

# Die Soutoptog

Om Indië teen Britse oorheersing te help bevry, het Gandhi ‘n protesoptog teen die Britse soutbelasting gereël.
Mense is gedwing om sout by die Britte te koop en dit was onwettig om sout te koop, verkoop, of om hul eie sout van die kus te kry.






Kopiereg ©

# Die Soutoptog


Op 12 Maart 1930 het Gandhi en 78 ander mans met ‘n optog na die kus begin. Toe hulle by die kus kom, het Gandhi ‘n klein klontjie sout opgetel. Hierdeur het hy die wet oortree. Ander mense het sy voorbeeld begin volg en ook sout opgetel. Duisende Indiërs is in die tronk gesit omdat hulle die soutwette oortree het.





# In die tronk

Die Britse owerhede het Gandhi in hegtenis geneem en in die tronk gesit. Hy het egter gedink dit is eerbaar om vir hierdie saak in die tronk te wees, want dit het beteken dat hy vir die waarheid opstaan.




Gandhi in die tronk.


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Geweld in Indië

LAERSKOOL MIKRO

Die Moslems en Hindoes in Indië het begin baklei omdat die Moslems bang was hulle sou geen mag in Indië hê as die Britte nie meer in beheer is nie.
Gandhi het begin vas en gesê hy sal nie eet voor die geweld ophou nie. Mense was bang dat Gandhi kon sterf, want hy was al baie swak en oud.






"I want world sympathy in this battle of right against might."


*Mahatma Gandhi*

*5 April 1930*

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrede in Indië?

Gandhi het sy vas verbreek toe albei kante saamgewerk het en vrede probeer maak het. Almal was egter nie gelukkig met die vredesplan nie.






g ©


# Gandhi sterf


Op 30 Januarie 1948 was die 78-jarige Gandhi op pad na ‘n gebedsbyeenkoms toe ‘n jong Hindoe-man met die naam Nathuram Godse voor hom gestop en gekniel het. Gandhi het terug gebuig en toe skiet Godse hom drie maal.











LATE NIGHT

Closing Prices

THE STAR

No 15,589 ** One Penny

GANDHI IS SHOT DEAD

THEY HEARD IN SILENCE

Riots in Bombay after Hindu assassin fires at prayer meeting

GANDHI, India's apostle of non-violence, was assassinated in New Delhi today.

The assassin, a Hindu from Poona named Nathuram Vinayak Gode, fired at close range as Gandhi walked to his prayer meeting in the grounds of Birla House.

Gandhi was hit three times–once in the chest. As he collapsed he raised both hands and folded them in salute to his congregation. He died within half an hour–at 5.45 pm India time–his head in the lap of his 16-year-old grand-


RAF CHIEF IN LOST LONDON AIRLINER



ereg ©

# Kom ons dink 'n bietjie

1. Dink jy Gandhi moes die Nobelprys vir Vrede ontvang het? Gee redes vir jou antwoord.
2. Hoekom was Gandhi 'n voorbeeld van 'n goeie leier?
3. Was dit altyd vir hom maklik om 'n goeie leier te wees?
4. Was hy gewild of ongewild as gevolg van die dinge wat hy gedoen het?
5. As 'n leier, was hy altyd perfek?
6. Watter lesse het jy by Gandhi geleer?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Memorandum P.129 nr. 1 en 2


1. Ja, want hy het in vrede (Satyagraha) vir mense se regte geveg en hy is 'n simbool van wêreldvrede.
2. Hy het sy lewe lank vir ander mense se regte en welsyn geveg en ander mense het hom gevolg.
3. Nee, want hy het swaargekry, is in die tronk gegooi en moes soms selfs ophou eet.
4. Hy was gewild onder mense wat soos hy geglo het en ongewild onder mense wat nie soos hy geglo het nie.
5. Niemand is perfek nie, almal maak foute.
6. Jy hoef nie met geweld te veg teen dit wat verkeerd is nie. Staan op vir ander se regte. Moenie moed opgee nie, dan sal jy bereik wat jy wil. Staan op vir die waarheid en jy is nooit te belangrik nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

"Be the change you want to see in the world."

*Mahatma Gandhi*



Laerskool Mikro Kopiereg ©